**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknr. : 3223/2010

In die aansoek tussen:-

| | |
|---|---|
| **CHRISTIAAN JACOBUS JONKER** | 1ste Applikant |
| **AGRIWEN (EDMS) BPK** | 2de Applikant |
| **AGRIGEN PETROLEUM (EDMS) BPK** | 3de Applikant |
| **AGRIGEN DIESEL BULTFONTEIN (EDMS) BPK** | 4de Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **GERT JAKOBUS VAN DER WATT** | 1ste Respondent |
| **MARTHA JACOBS VAN DER WATT** | 2de Respondent |
| **BIG RED INVESTMENTS (EDMS) BPK** | 3de Respondent |
| **TURQUOISE MOON (EDMS) BPK** | 4de Respondent |

In re: Saaknr.: 1758/2010

| | |
|---|---|
| **CHRISTIAAN JACOBUS JONKER** | 1ste Applikant |
| **AGRIWEN (EDMS) BPK** | 2de Applikant |
| **AGRIGEN PETROLEUM (EDMS) BPK** | 3de Applikant |
| **AGRIGEN DIESEL BULTFONTEIN (EDMS) BPK** | 4de Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **GERT JAKOBUS VAN DER WATT** | 1ste Respondent |
| **MARTHA JACOBS VAN DER WATT** | 2de Respondent |
| **BIG RED INVESTMENTS (EDMS) BPK** | 3de Respondent |
| **TURQUOISE MOON (EDMS) BPK** | 4de Respondent |

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | KRUGER, R |
| **AANGEHOOR OP:** | 29 JULIE 2010 |
| **GELEWER OP:** | 12 AUGUSTUS 2010 |

[1] Hierdie is die keerdag van 'n bevel *nisi* wat op 30 Junie 2010 deur Hancke R verleen is, wat soos volg lees:

> "3. 'n Bevel *nisi* uitgereik word, keerbaar 29 Julie 2010 om 09:30 of so spoedig moontlik daarna as wat die aansoek aangehoor kan word, wat Respondente oproep om redes, indien enige, aan te voer waarom die volgende bevele nie verleen moet word nie:
>
> 3.1 Die Eerste tot Vierde Respondent verbied word om 'n brandstof depot handeldrywende as Dynamic Fuels & Oil, Bothaville, wat 'n rekeninghouer is by Sasol en toegang het tot lae swael diesel te Bothaville te open op 1 Julie 2010 of enige werwing of bemarking in verband met die diesel depot besigheid te doen;
>
> 3.2 Die Eerste en Tweede Respondent verbied om

teenstrydig met hul onderneming soos vervat in paragraaf 5 van die Hofbevel, gedateer 24 Junie 2010 onder siviele saakomslag nommer 1758/2010, te handel of die onderneming op enige wyse te verbreek;

3.3 Die Balju van die Hof gematig word om, met in agneming van sy reg om sodanige hulp van die Suid-Afrikaanse Polisiediens gebruik te maak as wat hy doenlik ag, sodanige stappe te neem wat hy gepas ag om te verhoed dat die Dynamic Fuel & Oil depot te Bothaville geleë te Tiendelaan nommer 1, 'n diesel/brandstof depot besigheid open voor die finalisering van aansoek 1758/2010, waarby inbegrepe die reg van die Balju om beslag te lê op enige advertensieborde of bemarkingsmateriaal en dit in sy veilige bewaring te hou hangende die finale beregting van hierdie aansoek.

3.4 Wat verklaar dat die Eerste en Tweede Respondent in minagting is van die Hofbevel gedateer 24 Junie 2010 onder siviele saakomslag nommer 1758/2010;

3.5 Die Eerste en Tweede Respondent gevonnis word

tot 'n boete, alternatiewelik gevangenisstraf, die omvang daarvan wat deur die Hof bepaal sal word;

3.6 Die Eerste Respondent die koste van hierdie aansoek sal betaal op 'n skaal soos tussen prokureur en kliënt.

4. Die regshulp in paragraaf 3.1, 3.2 en 3.3 sal geld as 'n bevel *nisi* met onmiddellike regswerking hangende finalisering van hierdie aansoek."

[2] Die bevel is op 'n dringende basis *ex parte* verleen sonder dat daar betekening op die respondente was.

[3] Die hoofsaak, waarin die applikante vra vir die afdwing van 'n handelsbeperking teen die respondente, het op 24 Junie 2010 voor die hof gedien en is op versoek van die respondente uitgestel omdat hulle verdere verklarings wou liasseer en koste aangebied het. Die hoofsaak is op 24 Junie 2010 by ooreenkoms uitgestel. Paragrawe 5 en 6 van die bevel lees soos volg:

"5. Die eerste en tweede Respondente onderneem,

hangende die finalisering van hierdie aansoek op **29 Julie 2010** om nie enige verdere bemarking, werwing of uitbreiding te doen in die bedieningsareas van die tweede, derde en vierde Applikante (soos omskryf in die kennisgewing van mosie) nie.

6. Die onderneming in no. 5 hierbo word gemaak sonder dat die eerste en tweede Respondente erken dat die Applikante op enige regshulp geregtig is."

Die respondente het, ten spyte van die feit dat hulle gemeen het die bevel *nisi* is verkeerdelik toegestaan, nie die keerdag geantisipeer of vir heroorweging gevra nie.

Nadat die bevel toegestaan is, het applikante verdere getuienis saam met hul repliserende eedsverklaring, wat op 23 Julie beteken en afgelewer is, aangeheg:

i) 'n Foto waar eerste respondent op 29 Junie 2010 by die Bothaville depot bo-op 'n diesel-sleepwa besig is (CJJ(b), bl. 205);

ii) 'n Transkripsie van 'n telefoongesprek tussen Esther

en prokureur Blair waar Esther die naam van die “ou wat die agentskap het”, synde die eerste respondent, aan Blair gee (CJJ 2, bl. 207);

iii) ‘n Transkripsie van ‘n telefoongesprek tussen “Marius du Preez” en ‘n vrou, waar die vrou sê Dannhauser is net ‘n vennoot by Dynamic Fuels, Kobus (eerste respondent) is die eienaar.

[4] Hierdie aansoek was so dringend dat geen stukke opgestel is nie, maar *viva voce* getuienis is aangebied. Eerste applikant het getuig dat hy op 29 Junie 2010 verneem het dat die eerste respondent die leidende figuur was by die aanloop tot die opening van ‘n diesel depot op 1 Julie 2010 te Bothaville, binne die eerste applikant se bedieningsgebied soos omlyn vir beskerming in die hoofaansoek.

[5] Die getuienis voor Hancke R het getoon:

(i) Die Bothaville depot sou op 1 Julie 2010 open.

(ii) Die kontakpersoon het applikante se prokureur na eerste respondent verwys.

iii) Die advertensiebord by die perseel van die depot toon eerste respondent as die bemarker en dit is slegs respondent se selfoonnommer wat op die bord aangegee word, geen ander telefoonnommer word gegee nie.

[6] Hancke R het die bevel *nisi* met tussentydse werking toegestaan. Namens respondente voer Mnr. Puckrin S.C., wat bygestaan is deur Mnr. Els, aan dat tydens die onderhandelinge oor die uitstel op 24 Junie 2010 die applikante aanvanklik ook 'n onderneming van die eerste en tweede respondente wou hê om nie:

> "betrokke te wees met enige besigheid wat die bemarking of verspreiding van petroleum produkte...."

doen nie.

Mnr. Puckrin sê daardie onderneming wat deur applikante versoek is, is nie deel van die hofbevel nie. Dus, so voer Mnr. Puckrin aan, het applikante aanvaar dat eerste

respondent se betrokkenheid by Redlex Investments (Edms) Bpk (Redlex) sou voortduur op dieselfde basis as wat die geval was op 24 Junie 2010.

[7] Dit is dienlik om op hierdie stadium meer besonderhede te gee oor Redlex en eerste respondent se hoedanigheid. In die hoofaansoek is dit eerste respondent se saak dat hy 'n werknemer is van Dynamic Fuels and Oil (Dynamic Fuels), 'n firma bedryf deur Mnr. Jors Dannhauser. Redlex Investments (Edms) Bpk dryf handel as Dynamic Fuels and Oil. Dit is gemeensaak dat die depot op Bothaville, waaroor die *ex parte* aansoek gaan, deur Redlex geopen sou word. Eerste applikant sê dat hy nie beswaar daarteen het om met Redlex te kompeteer nie. Hy het wel beswaar daarteen dat eerste respondent strydig met sy onderneming in die hofbevel optree deur effektief die depot te bestuur.

[8] Die eerste respondent stel die posisie soos volg:

"14.

Daar is juis spesifiek ooreengekom dat die *status quo*, wat betref my betrokkenheid by daardie besigheid, gehandhaaf sal

> word. Die effek daarvan was eenvoudig dat nie ek of die Tweede Respondent enige verdere bemarking of werwing sou doen nie. Daar is spesifiek daarop gewys dat my betrokkenheid by Redlex Investments h/a Dynamic Fuels & Oil nie beëindig sou word nie."

(Antwoordende eedsverklaring, bl. 59 para 14 (laaste deel).)

In para 16 van die antwoordende eedsverklaring (bl. 60) sê die eerste respondent:

> "16.
>
> Dit is by herhaling duidelik gemaak teenoor my en die Tweede Respondent se regsverteenwoordigers dat die Applikante geen beswaar het teen die bedryf van die kompeterende besigheid nie, maar dat die Applikante uitsluitlik 'n probleem daarmee sou hê indien ek persoonlik betrokke is by 'verdere uitbreiding' van die besigheid."

In para 37.2 (laaste deel) (bl. 70) sê eerste respondent:

> "37.2 Die Eerste Applikant was deeglik daarvan bewus dat ek nie self die depot oopmaak nie, maar dat dit deur Redlex gedoen word. Ek het reeds hierbo daarop gewys dat dit

> pertinent deur die Applikante se regsverteenwoordigers bevestig is dat daar geen beswaar is teen die besigheid nie, maar dat ek alleenlik nie betrokke moes wees by enige verdere bemarking, werwing of uitbreiding nie. Ek verwys die Agbare Hof ook na die bewerings van die Applikante in die repliserende verklaring in paragraaf 38.5 (p 281)."

In antwoord op hierdie bewering wys eerste applikant in sy repliserende eedsverklaring daarop dat die SMS boodskappe, die advertensiebord en die telefoongesprek aandui dat eerste respondent die persoon is wat gekontak moet word rakende die aktiwiteite van die Bothaville depot.

[9] Namens respondente voer Mnr. Puckrin 'n aantal faktore aan wat die hof kon beïnvloed het om nie die *ex parte* bevel toe te staan nie:

(i) As Hancke R bewus was van die konsep-sin wat applikant in die hofbevel wou inhê, maar wat uitgelaat is, sou hy moontlik nie die interdik toegestaan het nie.

**In antwoord hierop:**

Die eerste respondent het die hofbevel van 24 Junie goed begryp, naamlik dat die strekking daarvan is dat

hy nie self betrokke mag wees by enige verdere bemarking, werwing of uitbreiding nie. As hy sodanige bemarking of werwing namens ‘n maatskappy doen, is hy daarby betrokke, in stryd met die bepalings van die hofbevel van 24 Junie 2010, wat ‘n onderneming is.

Die eerste respondent sê dat hy bloot ‘n werknemer van Dynamic Fuels is. Die applikante bevraagteken die sogenaamde werknemers-verhouding tussen Dannhauser en eerste respondent en in die repliserende eedsverklaring, in antwoord op Dannhauser se eedsverklaring, wys die eerste applikant daarop dat Dannhauser verklaar dat hy “saam met die eerste respondent” betrokke wens te raak in brandstof-verspreiding. Eerste respondent wys daarop dat Dannhauser in sy eedsverklaring nie die kernvraag antwoord waarom die spesifieke areas van die applikante in die Vrystaat geteiken word nie. Dannhauser verduidelik nie die meer as R2 miljoen wat in die eerste respondent se rekening gestort is en wat daarmee bedoel was nie. Dannhauser heg geen dienskontrak wat hy met eerste respondent sou hê aan

nie; geen werknemer-registrasie nie. Dannhauser praat van onderhandelinge tussen hom en eerste respondent oor aandeelhouding. Hierdie vae bewerings van Dannhauser, saam met die feitelike betrokkenheid van die eerste respondent by Dynamic Fuels se aktiwiteite, staaf die afleiding dat eerste respondent regsentiteite – soos Redlex wat handel dryf as Dynamic Fuels – gebruik om sy persoonlike betrokkenheid te verbloem. Op al die getuienis is dit duidelik dat eerste respondent 'n kundige en bekwame persoon in die veld van diesel-verspreiding is. Hy word deur die handelsbeperking verbied om sy vaardighede in applikant se gebied te beoefen en die getuienis dui daarop dat hy dit doen deur Dynamic Fuels and Oil.

ii) Tweede faktor wat volgens Mnr. Puckrin teen applikante sou kon tel, is dat die Bothaville depot deur Redlex bedryf word en nie deur derde of vierde respondente nie.

**In antwoord hierop:**

Die feit onder wie se lisensie die depot bedryf word, is nie van belang nie. Dit gaan oor die vraag in hoe 'n

mate eerste respondent persoonlik by die bedryf van die depot betrokke was. Dis gemeensaak dat Redlex se lisensie eers op 28 Julie 2010 uitgereik is. Dus sou die depot te Bothaville op derde respondent se lisensie bedryf moes word.

iii) Redlex moes gevoeg gewees het, want die *ex parte* aansoek verbied die opening van die depot.

**In antwoord hierop:**

Geen regshulp is teen Redlex versoek of toegestaan nie. Die verbod is teen eerste tot vierde respondente. Die bevel verbied eerste tot vierde respondente se optrede, nie Redlex se optrede nie. Redlex het nie op 1 Julie 2010 'n groothandel diesel lisensie gehad nie, dus was Redlex in elk geval nie by magte om die depot sonder die medewerking van derde respondent, wat wel 'n groothandel lisensie het, te bedryf nie.

iv) Eerste applikant sê dat Redlex, sowel as derde en vierde respondente slegs die eerste respondent se alter ego is, sonder dat daar 'n feitebasis voor gelê is.

**In antwoord hierop:**

Uit die applikante se bewerings is dit duidelik dat applikant die mening toegedaan is dat eerste respondent korporatiewe entiteite gebruik om deur op te tree. Beide die eerste applikant en die eerste respondent tree op deur regsentiteite. Die telefoon-mededeling van Esther, waarvan voor Hancke R getuig is, is primêre getuienis van die optrede van eerste respondent deur die korporatiewe entiteit Redlex. Die transkripsie van die telefoongesprek in CJJ 2 by die applikante se repliserende eedsverklaring toon dat Esther sê:

"... ek gee vir jou die ou wat die agentskap het se nommer. Dit is Kobus van de Watt."

Hierdie aanhaling uit die telefoongesprek toon dat Esther Jordaan-Roets se bewering in haar stawende eedsverklaring aangeheg by die antwoordende eedsverklaring (par. 5),

"Hierdie persoon het toe vir my gevra of hy maar vir Kobus kon kontak."

Dit sê sy nadat daar vroeër in haar eedsverklaring geen verwysing na "Kobus" is nie. Haar eedsverklaring verduidelik nie wie "Kobus" is of waarom die persoon wat gebel het met Kobus wou praat nie. Die respondent se bewering dat die opbeller gevra het om met die eerste respondent te praat, is so vergesog dat dit verwerp kan word op die **PLASCON-EVANS** regsposisie (**PLASCON-EVANS PAINTS LTD v VAN RIEBEECK PAINTS (PTY) LTD** 1984 (3) SA 623 (A) te 634 E – 635 C) dat die aansoek beoordeel moet word op die feite soos deur die respondent genoem (behalwe waar daardie feite so vergesog of duidelik onhoudbaar is dat dit uit die hand verwerp kan word).

v) Die eerste applikant ontken nie in die repliserende verklaring dat hy op 24 Junie 2010 geweet het die Bothaville depot gaan op 1 Julie 2010 oopmaak nie.

**In antwoord hierop:**

Wat die wete van die applikant betref oor die opening van die Bothaville depot op 1 Julie sê die applikant dat hy nie beswaar het teen kompetisie met ander entiteite

nie. Applikant het nie beswaar teen die opening van die depot nie; hy het wel beswaar daarteen dat die depot deur die eerste respondent bemark en bestuur word.

Eerste respondent sê dat hy op 29 Junie 2010 net op die toneel was om 'n drywer op te laai. In repliek heg applikante 'n foto aan waar eerste respondent by die diesel depot, twee dae voor die opening, bo-op 'n dieseltrok is. Die weergawe van die eerste respondent kan nie vir soetkoek opgeëet word nie. Sy aanwesigheid bo-op 'n dieselvoertuig strook met applikant se weergawe dat hy 'n belangrike rol speel by die depot op Bothaville. Hy was nie verbied om vir Dynamic Fuels te werk nie; hy was wel verbied om verdere uitbreiding te doen, wat hy gedoen het deur sy betrokkenheid by die Bothaville depot.

vi) Die eerste applikant weet die tweede respondent is 'n huisvrou en geensins aktief by enige besigheid betrokke nie.

**In antwoord hierop:**

Al die respondente wat in die hoofaansoek genoem is, is in die *ex parte* aansoek gesiteer. Dit doen nie afbreuk aan applikante se saak dat die tweede applikant gesiteer is nie. Die hofbevel van 24 Junie 2010 beliggaam 'n onderneming van eerste en tweede respondente, welke onderneming applikante beweer verbreek is. In die *ex parte* aansoek vra applikante 'n kostebevel slegs teen eerste respondent.

vii) Die vierde respondent het slegs 'n kleinhandel lisensie en eerste applikant weet dit.

**In antwoord hierop:**

Feit is dat Redlex geen lisensie gehad het op 1 Julie 2010 nie. Vierde respondent is 'n maatskappy wat deur eerste en tweede respondente beheer word. Geen regshulp word in die *ex parte* aansoek teen vierde respondent versoek nie.

viii) Die eerste applikant se bewering dat as die *ex parte* bevel toegestaan word, sou die bekendstelling van hulle produk baie problematies wees, was misleidend en onwaar.

**In antwoord hierop:**

Die eerste applikant gee 'n sinvolle verklaring. As 'n produk bekendgestel en in die mark gestoot word, rig kopers hulle lewens dienooreenkomstig in. Dis beter om 'n stabiele omgewing te hê, waar kopers nie vandag 'n produk by een plek koop, maar dit môre elders moet koop omdat 'n hofbevel die eerste leweransier verbied nie.

ix) Die eerste applikant betwis nie dat die meeste mense in Suid-Afrika deeglik bewus is van Sasol-diesel en die eerste applikant het die hof mislei oor ander aspekte van Sasol-diesel, rabatte en kliënte.

**In antwoord hierop:**

Die bewerings rakende die aard van Sasol-diesel en moontlike verwarring, speel nie 'n rol by die vraag of die bevel *nisi* bekragtig moet word nie. Die bewerings rondom Sasol-diesel het op die oog af geen of 'n minderwaardige rol gespeel by die toestaan van die bevel *nisi.*

x) Eerste applikant het voor Hancke R die indruk probeer skep dat hy eers na 24 Junie 2010 van die reklamebord te die Bothaville depot bewus geraak het.

**In antwoord hierop:**

Die feit wanneer eerste applikant van die depot op Bothaville bewus geraak het, is nie so belangrik soos die datum waarop hy bewus geword het dat die eerste respondent die hoof-persoon is wat by die Bothaville depot betrokke is, en dit sê eerste applikant was op 29 Junie 2010, die dag voor sy hofaansoek. Applikante se houding is dat hulle nie beswaar het teen kompetisie nie, maar wel teen onregmatige kompetisie van eerste respondent in stryd met sy onderneming in die hofbevel van 24 Junie 2010, terwyl litigasie hangende is.

xi) Eerste applikant se bewering dat derde applikant, en nie Redlex nie, die Bothaville depot bedryf, is onwaar.

**In antwoord hierop:**

Die lisensie van Redlex om die Bothaville depot te bedryf is by die aanvang van die verrigtinge op 29 Julie

2010 ingehandig saam met ‘n stawende eedsverklaring, waarvolgens dit op 28 Julie 2010, die vorige dag, goedgekeur is. Redlex kon dus nie die Bothaville depot op sy eie lisensie bedryf op 1 Julie 2010 nie. Volgens applikant kon die depot te Bothaville ook nie op derde respondent se groothandel lisensie wettiglik bedryf word nie, want daar bestaan nie wetlike voorsiening dat ‘n lisensie so oorgedra kan word nie. Skynbaar het eerste respondent met eerste applikant saamgestem oor hierdie bewering, want Redlex het nou sy eie lisensie gekry. Redlex kon nie die depot op 1 Julie bestuur nie; derde respondent kon, maar skynbaar nie in ooreenstemming met die regulasies nie.

xii) Daar is op 24 Junie 2010 geen onderneming deur derde en vierde respondente gegee nie.

**In antwoord hierop:**

Die feit dat die derde en vierde respondente geen onderneming gegee het op 24 Junie 2010 nie, voer die saak nie verder nie. Geen regshulp word teen hulle versoek nie. Hulle is gevoeg omdat applikante se bewering is dat eerste respondent deur hulle optree.

Die feit dat eerste respondent probeer het om derde respondent se lisensie vir die Bothaville depot te gebruik, staaf die voeging van derde respondent.

xiii) Eerste applikant het beweer dat daar ‘n bekendstellingsfunksie wou wees, sonder enige feitebasis.

**In antwoord hierop:**

Eerste applikant het getuig dat ‘n bekendstelling gewoonlik gepaard gaan met ‘n braaivleis en drankies. Eerste applikant getuig nie dat hy weet dat so ‘n bekendstellingsfunksie gehou gaan word nie.

xiv) Applikante het versuim om aan die hof te openbaar dat die feit dat vragmotors in die derde respondent se naam geregistreer is, nie beteken dat derde respondent eienaar van daardie vragmotors is nie.

**In antwoord hierop:**

Die feit dat die vragmotors in die derde respondent se naam geregistreer is, voer die saak ook nie verder nie. Eerste applikant toon aan dat die versekering deur

derde respondent geen rede sou wees om nie die vragmotors na ‘n ander entiteit oor te dra nie.

(xv) Mnr. Puckrin sê dat die applikante te maklik aanvoer dat die trusts en maatskappye die eerste en tweede respondente se alter ego is. ‘n Trust is ‘n regsentiteit *sui generis* (**COMMISSIONER FOR INLAND REVENUE v MACNEILLIE'S ESTATE** 1961 (3) SA 833 (A) op 840 G – H). Howe het nie ‘n algemene diskresie om ‘n maatskappy se aparte entiteit te verontagsaam nie (**DIE DROS (PTY) LTD AND ANOTHER v TELEFON BEVERAGES CC AND OTHERS** 2003 (4) SA 207 (K); [2003] 1 All SA 164 (K)). Waar daar bedrog, oneerlikheid of ander onbehoorlike gedrag is, kan howe die regsentiteit se afsonderlike persoonlikheid en bestaan verontagsaam (par. [23]). In gevalle waar daar bevind word dat die aparte bestaan van die maatskappy geïgnoreer kan word, is daar altyd misbruik van die maatskappy se aparte bestaan (*loc cit*). Mnr. Puckrin sê met verwysing na **SWISSBOROUGH DIAMOND MINES (PTY) LTD AND OTHERS v GOVERNMENT OF THE**

**<u>REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OTHERS 1999 (2) SA 279 (T)</u>** te 323 G dat hier geen primêre feite aangevoer is waarop gesteun kan word vir die afleiding dat die regsentiteite eenvoudig die respondente se alter ego is nie.

**In antwoord hierop:**

Maatskappye het van meet af 'n rol in hierdie litigasie gespeel. Die ooreenkoms waarin die handelsbeperking vervat is in die hoofaansoek se voorrede lees:

"**NADEMAAL**:

1. bogemelde partye besigheid bedryf in maatskappye bekend as BIG RED INVESTMENTS (PTY) LTD, TURQUOISE MOON 477 (PTY) LTD, AGRIGEN, DIESEL BULTFONTEIN (EDMS) BPK en AGRIGEN PETROLEUM (PTY) LTD;

   en

2. Die PARTYE ooreengekom het om hul belange in die verskillende maatskappye te skei met uitsondering van sekere bates behorende aan AGRIGEN PETROLEUM (EDMS) BPK, op sekere voorwaardes."

Uit die stukke is dit duidelik dat hier twee rolspelers is:

die eerste applikant en die eerste respondent. Hulle doen sake deur die bogemelde maatskappye.

[10] Die hofbevel moet op sy eie voete staan. Hy moet beoordeel word volgens sy bewoording. Die weglating van die konsep-frase beteken nie wat die respondente beweer nie. Dit beteken nie dat eerste respondent in verteenwoordigende hoedanigheid, namens 'n maatskappy, bemarking of werwing of uitbreiding kan doen in stryd met die handelsbeperking nie.

[11] Wanneer 'n saak hangende voor die hof is, *sub judice,* onder regterlike oorweging, doen partye nie dinge wat strydig is met wat die hof nog moet beslis nie. Vergelyk **THIRLWELL v JOHANNESBURG BUILDING SOCIETY AND OTHERS** 1961 (4) SA 665 (D&CLD) te 670 D – E; **BOGOSHI v VAN VUUREN NO AND OTHERS; BOGOSHI AND ANOTHER v DIRECTOR, OFFICE FOR SERIOUS ECONOMIC OFFENCES, AND OTHERS** 1996 (1) SA 785 (A) te 797 F – H.)

In hierdie saak was die afdwingbaarheid, al dan nie, van die

handelsbeperking op 24 Junie nog nie beslis nie. Die beslissing daaroor en die vraag of eerste respondent in enige hoedanigheid

> "naamlik in hul persoonlike hoedanigheid, in vennootskap, as lid van 'n beslote korporasie, as aandeelhouer in 'n maatskappy, as bestuurder of konsultant of as trustee of begunstigde van 'n trust of op enige ander wyse …"

(volgens die bewoording van die handelsbeperking klousule 6)

in stryd met die handelsbeperking kon optree, was nog onbeslis.

Die hofbevel beoog, soos wat beide partye in hul eedsverklarings sê, dat die *status quo* gehandhaaf word. Die eerste respondent hou nie op om sy werk te doen nie, maar hy mag nie verdere uitbreidings doen nie.

Beide die eerste applikant en eerste respondent tree deur maatskappye op. Deur as die hoof-persoon, of 'n persoon

wat die bemarker is van die Bothaville depot, op te tree, het eerste respondent strydig met sy onderneming in die hofbevel van 24 Junie 2010 opgetree. Afgesien van die bewoording van die hofbevel, sou sy optrede deur as die bemarker van die Bothaville depot op te tree wat op 1 Julie 2010 deur Redlex geopen is, steeds vatbaar gewees het vir ‘n verbod deur die hof, omdat die eerste respondent strydig optree met wat nog beslis moet word, strydig met die *sub judice* reël.

[12] Minagting van die hof is ‘n opsetsmisdryf wat bo redelike twyfel bewys moet word (**FAKIE NO v CCII SYSTEMS (PTY) LTD** 2006 (4) SA 326 (HHA) par. [42]). Die minagting moet bo redelike twyfel bewys word. Ek is bereid om te aanvaar dat die eerste respondent nie die opset gehad het om die hof te minag nie. Ek is bereid om te aanvaar dat hy verkeerdelik gemeen het sy optrede is geregverdig.

[13] Die volgende bevel word verleen:

1. Paragrawe 3.1, 3.2 en 3.3 van die bevel *nisi* verleen op 30 Junie 2010 word bekragtig.
2. Die eerste respondent word gelas om die koste van

hierdie aansoek te betaal.

---

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens applikante: | Adv. J.Y. Claasen SC<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens respondente: | Adv. C.E. Puckrin SC<br>Bygestaan deur<br>Adv. A.P.J. Els<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |

/sp